# 'n Keur uit ons biblioteke

Saamgestel deur MONICA WAGNER
**Grafiese ontwerper**

Gedurende die jaar het ons verskeie ontwerpe vir uitstallings in biblioteke gepubliseer. Ons hoop dat bibliotekarisse geïnspireer is deur sommige daarvan en dat hulle in staat gestel is om dit met min tyd en onkoste te maak.

Sommige biblioteke was so gaaf om vir ons voorbeelde te stuur van die vele idees, style en ontwerpe van uitstallings wat hulle vir hulle onderskeie biblioteke geskep het. Aangesien ons gedurende die jaar foto's van talle puik uitstallings ontvang het, het ons besluit om van tyd tot tyd daarvan met ons lesers te deel, beginnende in hierdie uitgawe, en om kommentaar te lewer op die suksesse en moontlike slaggate wat kan voorkom.

Dit is duidelik dat groot moeite deur baie talentvolle personeel gedoen word om keurige uitstallings in biblioteke te skep. Dit is daarom jammer dat uitstallings somtyds weens beperkings van die uitstalruimte, nie tot hul volle reg kom nadat so baie tyd en moeite daaraan bestee is nie.

## Kontras

Goeie kontras is nodig om die verskillende elemente van uitstallings duidelik sigbaar te maak. Daar is egter maniere om 'n kontrasterende agtergrond te skep. Drapeer 'n tafeldoek of materiaal voor die uitstalbord of heg 'n stuk materiaal netjies aan die bord vas. Selfs 'n oopgemaakte kartondoos kan plat teen 'n aansteekbord aangebring word om 'n neutrale agtergrond te skep. Groot velle gekleurde papier kan ook teen areas aangebring word waarop uitstallings of elemente van uitstallings vertoon word. Dalk kan biblioteekgebruikers gevra word om stukke ongebruikte oorskiet materiaal aan die biblioteek te skenk. Indien 'n voorraad van 'n verskeidenheid agtergronde, byvoorbeeld, koerantpapier, gekleurde papier, swart papier en materiaal opgebou word, kan dit interessante variasie aan uitstallings verleen. Met die samestelling van 'n uitstalling kan die regte kontrasterende agtergrond dan gekies word wat die uitstalling duidelik sal laat vertoon.

### Greenhaven Biblioteek

▽ *Gebruik die talent in jou gemeenskap! Daar is verskeie persone wat maar te gewillig sal wees om te help en as bonus word die biblioteek se voorkoms daardeur verbeter. Hierdie vrolike muurpaneel in Greenhaven Biblioteek is geskep deur 'n lid van die publiek.*






### Ashton Biblioteek

△ *Die groot bonkige vrystaande letters sal beslis die aandag van tieners lei na die inligting wat in hierdie hoekie uitgestal word. Die helderkleurige sterre trek aandag en beklemtoon die inhoud.*

### Touwsrivier Biblioteek

▽ *Die groot plakkaat skep 'n treffende fokuspunt vir al die ander materiaal (knipsels, brosjures en boeke) wat inligting bevat. Al die kleure vorm saam 'n harmonieuse geheel, behalwe die opskrif. Alhoewel dit baie duidelik en leesbaar is, sou dit beter met die uitstalling ingeskakel het as pienk of blou daarvoor gebruik is.*







### Grassy Park Biblioteek

◁ *'n Ware juweel! Hierdie groot, bonkige, vriendelike kreatuur met die gebreide 'keps' sal almal bekoor. Pragtige letterwerk wat maklik leesbaar is en die beweging van die see voorstel, vul die uitstalling baie goed aan.*


## Goudini Biblioteek

▷ *Kleurvolle uitgeknipte papierontwerpe van hasies, blomme en skoenlappers gee lewe aan die vierkante met syfers en vorm 'n vrolike agtergrond vir die uitstalling van boeke. Ongelukkig is die swart hasies nie baie duidelik sigbaar op die donker hout nie. Onthou, dit is baie belangrik om die maksimum kontras te skep in die keuse van komponente van die uitstalling en die agtergrond.*

▽ *Die groot, bonkige letters is baie effektief en skep 'n dramatiese effek. Ongelukkig verdwyn die blou en groen letters teen die blou agtergrond. Die gebruik van sterre skep 'n vrolike atmosfeer en verbind die plakkate.*









## Heidelberg Biblioteek

△ *Hier is Suzette Coetzee, Heidelberg Biblioteek se bibliotekaris by een van haar vele uitstallings. Die gesondheidsboodskap is baie duidelik met groot, maklik-leesbare, rooi letterwerk. Illustrasies, byvoorbeeld, die skedel en kruis met longe heel bo, trek die aandag, wat aangevul word deur baie inligting op die plakkate op die voorgrond. Die 'siek' long het egter van sy impak verloor aangesien daar nie genoeg kontras is met die agtergrond nie. 'n Donkergrys sou meer effektief wees.*




## De Doorns Biblioteek

△ *Groot moeite is gedoen om letterwerk te gebruik wat baie leesbaar is en die wit kleur vul die plakkate goed aan. Daar is goedgebalanseerde simmetrie in die plasing van die letters en die foto's. 'n Donkerder agtergrond, byvoorbeeld, robynrooi of middernagblou, sou meer dramaties gewees het.*

## Steenvliet Biblioteek

◁ *Al die elemente wat verband hou met vroue vorm 'n goedgebalanseerde uitstalling met die plakkaat as fokuspunt. Ongelukkig is die opskrif VROUEDAG nie duidelik sigbaar nie omdat daar nie genoegsame kleurkontras met die agtergrond is nie.*